

POLITIEKE GELETTERDHEID IN STANDERD 4

Dr C.P. Cronjé
Harrismith Primêre Skool

INLEIDING

Wat kan gedoen word terwyl gewag word op 'n herstrukturering van die laerskoolgeskiedenis-sillabus om ook daar voorsiening vir politieke geletterdheid te maak? Onderwysers kan hulleself intussen besig hou met 'n studie van politieke geletterdheidspotensiaal in die bestaande leerplanne. Trouens, die ontwerp van bestaande leerplanne is buitendien polities afgestem. So is die klaarblyklike struktuur van die standaard 4-leerplan om die kanniedood en die uiteindelijke triomf van die Boere-republikanisme te illustreer.

Maar sonder om enigsins aan die temas in die standaard 4-sillabus te toring, kan hierdie afdeling van die skoolsillabus 'n meer relevante politieke geletterdheid bevorder. Dit kan gedoen word deur slegs die volgende universeel-staatkundige probleme deur-gaans te beklemtoon:

- ★ Die eskalاسie van vreedsame na gewelddadige politiek.
- ★ Die aard van onderhandeling.

Vervolgens sal hierdie verslag eerstens die prominente aanwesigheid van die gemelde twee oorkoepelende temas in die sillabus uitwys. Daarna sal kortliks gekyk word na die didaktiese besluite wat deur onderwysowerhede en onderwysers geneem moet word ten einde die politieke geletterdheidspotensiaal van die temas te realiseer. Laastens sal tog enkele suggesties gelê word oor wyses waarop kleinere wysigings binne die bestaande temas politieke geletterdheid by die standaard 4-leerling se studie van geskiedenis kan verbeter. Daarmee word die terrein van meningswisseling tussen Trümpelmann (1986) en Kapp (1986) tog enigsins betree.

DIE ESKALASIE VAN VREEDSAME NA GEWELDDADIGE POLITIEK

Die onderskeid tussen vreedsame en gewelddadige politiek is sekerlik een van die mees relevante temas in die SA politiek. Dit benodig geen betoog dat Suid-Afrikaanse burgers op 'n intelligente wyse tussen hierdie kontrasterende wyses van politiek moet kan onderskei nie. Die kiesers van die volgende geslag kan net daarby baat deur die grondslae van verset en mags-aanwending by sowel die owerheid as die onderdane te verstaan. Verset by sowel die owerheid as by die onderdane is een van die politieke slagare van enige politieke gemeenskap.

Die sillabus wat hier gebruik word, is die 1981-sillabus van die OVS. Daarnaas word een van die goedgekeurde handboeke vir die aanbied van hierdie sillabus gebruik, naamlik die van Bester & Stemmet (1981). Dit is verstaanbaar dat nie elke tema of insident in die sillabus gespesifiseer kan word nie. Daarom sal aanvaar word dat wat in Bester & Stemmet aangebied word, die vryheid van die professionele onderwyser enigsins demonstreer.

Insidente binne die standaard 4-sillabus wat die eskalering van vreedsame na gewelddadige politiek demonstreer, is dan die volgende:

- ★ Protesvergaderings teen die 1848-anneksasie van die Transgariëp gaan vooraf aan die slag van Boomplaats (St 4-sillabus, 1981: par 1.1.1;

Bester & Stemmet, 1981:6-8).

- ★ Deputasies teen die 1877-anneksasie van die ZAR, ander vorme van lydelike verset en Paardekraal gaan vooraf aan die Eerste Anglo-Boere-Oorlog (St 4-sillabus, 1981: par 1.5.3-1.5.4; Bester & Stemmet, 1981:29-32).
- ★ Uitlander-opstandigheid, alternatiewe volksraad, Jameson-inval (1896) (St 4-sillabus, 1981: par 1.6.3; Bester & Stemmet, 1981:37-39).
- ★ Britse militêre opbou rondom die ZAR en die OVS, die diplomatieke fase, Tweede Anglo-Boere-Oorlog (1899) (St 4-sillabus, 1981: par 1.7.1.-1.7.2; Bester & Stemmet, 1981:41).

Hierdie voorgaande vier insidente is duidelik nie almal herhalings van presies dieselfde algemene kenmerke nie. Eersgenoemde twee verwys na binnelandse opstand terwyl laasgenoemde twee buitelandse aggressie in die gewelddadige fase vertoon het. Maar selfs al sou belangrike onderlinge verskille aangedui kon word, lewer al vier die bostaande temas 'n oorvloed inligting oor die kontras tussen vreedsame en gewelddadige vorme van politieke staatsmanskap. In die volgende temas word hierdie kontras steeds duideliker voortgesit:

- ★ Die sosiale afstand tussen Hensoppers en Bittereinders tydens en na die Anglo-Boere-Oorlog (slegs indirek in St 4-sillabus, 1981:1.7.2; Bester & Stemmet, 1981:42; 44).
- ★ Die 1914-rebelle teenoor die Unieparty en die Nasionale Party wat vreedsame weë verkies het (St 4-sillabus, 1981: par 1.9.1.2).
- ★ Die Ossewabrandwag teenoor die Malaniete wat eweneens vreedsame weë verkies het (slegs indirek in St 4-sillabus, 1981: par 1.9.3; wel meer spesifiek in Bester & Stemmet: 57).

Met hierdie voorbeelde word sowat drie-kwart van die standaard 4-jaar gedek. Vervolgens sal na die aard van onderhandeling gekyk kan word.

DIE AARD VAN ONDERHANDELING

Onderhandeling is die diplomatieke fase van politieke-geskiedkundige gebeure en lê as't ware voor en na alle gewelddadige insidente. 'n Onderwyser ervaar egter soms dat veral standaard 4-seuns meer geneig is om die diplomatieke opbou tot 'n gewelddadige uitbarsting te waardeer! Die aard van onderhandeling en veral hoedat dit gebruik kan word om vrede te skep en geweld af te weer, daarenteen, word nie altyd soveel waardeer nie. Tog is die belang van effektiewe onderhandeling voorop in die gedagtes van Suid-Afrikaanse politieke leiers. Die Natalse Indaba-liggaam het byvoorbeeld 'n program vir onderhandelingsvaardighede (Mischke, 1989:9).

Onderhandelinge is natuurlik nie slegs post- of pre-gewelddadig nie. Onderhandelde skikkings kan ook los van enige fisieke geweld bereik word.

Enkele pre- en post-gewelddadige onderhandelings is die volgende:

- ★ Die ooreenkomste tussen die OVS en die Basoeto rondom die grensoorloë (1858-1871) (indirek in St 4-sillabus, 1981: par 1.1.2; direk in Bester en Stemmet, 1981: 10-13).

- ★ Die Pretoria- (1881) en die Londen-konvensies (1884) (St 4-sillabus, 1981: par 1.5.4 – 1.5.5; Bester & Stemmet, 1981: 32 – 33).
- ★ Die Vrede van Vereeniging (1902) (St 4-sillabus, 1981: par 1.7.2; Bester & Stemmet, 1981: 47).

Enkele nie-gewelddadig-verbandhoudende ooreenkomste is:

- ★ Die Sandrivier-konvensie (1852) (St 4-sillabus 1.2.1; Bester & Stemmet, 1981: 8 – 9).
- ★ Die Bloemfontein-konvensie (1854) (St 4-sillabus, 1981: par 1.1.1; Bester & Stemmet, 1981: 9 – 10).

Hierdie twee konvensies se klassifikasie hou natuurlik verband met die veronderstelling dat die Groot Trek 'n vorm van vreedsame (nie-radikale) verset was.

- ★ Die Tolkonferensie (1903 en 1908) (St 4-sillabus, 1981: par 1.8.2; Bester & Stemmet, 1981: 49; 51).
- ★ Die Nasionale Konvensie (1908 – 1909) (St 4-sillabus, 1981: par 1.8.4; Bester & Stemmet, 1981: 51 – 52).
- ★ Die 1926-Statebondskonferensie en die daaropvolgende Statuswette (1934) (St 4-sillabus, 1981: par 1.9.2; Bester & Stemmet, 1981: 54 – 55).

Ook hier sou gevra kon word of die afstand wat hierdie drie gebeure vanaf die Anglo-Boere-Oorlog het, genoegsame rede is om te sê dat sulke ooreenkomste nie verbandhoudend met daardie besonder gewelddadige gebeurtenis was nie. Sulke vrae sou egter die oorsaaklikheidsverhouding tussen gebeure oorbeklemtoon. Daardeur word feitlik alle voorgaande gebeure 'n volgende gebeurtenis se oorsaak, en dit is onsinnig.

DIE OWERHEIDSTRUKTURE

Die standaard 4-leerplan bevat ook feitlik 'n hele kwartaal se studie oor die plaaslike, streeks- en sentrale owerheidsstrukture. Daar moet natuurlik gewaak word om hierdie temas bloedloos aan te bied. Deurgaans moet beklemtoon word hoedat sulke strukture onder meer bedoel is om gewelddadige politiek te voorkom. Dit moet ook beklemtoon word dat hierdie strukture tot 'n groot hoogte in terme van onderhandelingsmagte gestruktureer is.

DIDAKTIESE BESLUITE

Sonder om dus volledige teorieë oor oorlog, strategie, verset, geweld, vreedzaamheid, onderhandeling en ooreenkomste te gee, kan die standaard 4-leerling wel inhoud aan hierdie begrippe gee. Wat eerstens nodig is in die bevordering van politieke geletterdheid deur st 4-geskiedenis, is dat die owerhede in die leerplante moet bepaal dat hierdie voorgaande begrippe gedurende die st 4-jaar bemeester moet word. Sulke begrippe moet aan die hand van historiese insidente wat tans binne die studieveld val, geïllustreer kan word. Dit mag dus nodig wees dat onderwysers moet kan

demonstreer hoe hierdie begrippe aan die kinders gebring is: Dit kan in werkopdragte, studiemateriaal, toetse en eksamens gedoen word.

Dus: selfs met die oorheersende posisie van die chronologiese benadering en selfs in die afwesigheid van 'n "struktuur-geskiedenis" wat 'n "verdigting" van politieke konsepte kan meebring (Trümpelmann, 1986:7) kan relevante politieke geletterdheid tog reeds realiseer voordat 'n omvattende hersiening van die leerplan deurgevoer is.

ENKELE WYSIGINGS

Hoewel dit dus moontlik is om politieke geletterdheid deur middel van 'n ongewysigde standaard 4-leerplan aan die kinders te bring, sou enkele van die volgende sake wat implisiet in die leerplan teenwoordig is, tog 'n duideliker aksent kon ontvang:

- ★ Die staatsgrepe en burgeroorloggies rondom S.J. Schoeman in die beginjare van die ZAR.
- ★ Hoedat die Vrystaters kanonne op pres Hoffman se huis gerig het om hom tot bedanking te dwing.

Hierdie insidente illustreer hoe moeilik die onderhandelingsfasie van die politiek aanvaar word.

- ★ Die 1922-opstande aan die Witwatersrand en die aandeel van Afrikaners daarin.
- ★ Die stemreg van swartes en kleurlinge vóór en ná Uniewording (terloops in Bester en Stemmet, 1981:52), veral met klem op die senaatsbesluit van 1956. Hierdie saak moet weer in samehang met die vreedsame ontstaan van die African National Congress in 1912 verstaan word. Voorts kan die oorgang van hierdie organisasie tot geweldspolitiek rondom Republiekwording ook aangebied word. Sulke nuwe aksente sou ook moontlik snitte in die bestaande leerplan impliseer.

SAMEVATTING

Hoewel hierdie verslag slegs oppervlakkig en onvolledig na die ontwikkeling van politieke geletterdheid in die standaard 4-leerplan verwys, is die temas wat hier kortliks uitgewys is, voldoende om die aanvanklike stelling te ondersteun. Die standaard 4-leerplan kan dus ongewysig politieke geletterdheid bevorder indien sekere didaktiese besluite geneem word. Die politieke geletterdheid sou egter verder verbeter word indien sekere (sensitiewe?) kleinere temas ingesluit kon word. Daardeur sou steeds binne Kapp (1986:3) se wens gebly word dat geskiedenis nie alte ambisieus aangebied moet word nie.

VERWYSINGS

1. Bester, J.J. & Stemmet, J.F. 1981: *Geskiedenis vir die primêre skool*: St 4. Goodwood: Nasou.
2. Kapp, P.H. 1986: Politieke geletterdheid: vriend of vyand? In *Gister en Vandag*, 12:2 – 4 (Sept 1986).
3. Mischke, A. 1989: Die Indaba wat nie wou weggaan nie in *Indaba Nuus*, 19 (Mei):8 – 9.
4. OVS Onderwysdepartement, 1981: *Sillabus vir geskiedenis: St 4*. Bloemfontein: OVS Onderwysdepartement.
5. *St 4-sillabus*, 1981: Kyk OVS Onderwysdepartement.
6. Trümpelmann, M.H. 1986: Geskiedenis en politieke geletterdheid. In *Gister en Vandag*, 11:1 – 11 (April 1986).